


**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**
**Sondag 29 Julie 2012**

| **Oggenddiens 09:30** | | | **Aanddiens 18:00** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** | **Lied** | **Bladsy** |
| **1.** | Psalm 18:1 | Bl.**71** | Psalm 48:4 | Bl.**245** |
| **2.** | Psalm 86:1 & 6 | Bl.**431** | **Psalm 105:1,2,4** | Bl.514 |
| **3.** | Skrifberyming 2-4:1 & 3 | | Psalm 100:1,3,4, | Bl.494 |
| **4.** | Psalm 149:1 & 3 | Bl.**715** | | |

**BYBELSTUDIE GROEPE**



**SONDAG 5 Augustus 2012**


- ***19:00-20:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Hebreërs***.

**WOENSDAG 8 Augustus 2012**

- ***10:00-11:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Lukas***.
- ***18:00-19:00*** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

**FRANKFORT RIVIERTOER**

Datum: 5-9 Desember 2012
Plek: Frankfort, op die Wilgerivier
Koste: R580
Ouderdom: Gr.8 - 24 Jaar
Kontak: Dalene Muller **082-456-2936**



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 7 | Sondag 29 Julie 2012 | Nommer 20 |
|---|---|---|

## GEESTELIKE ONDERSKEIDINGSVERMOË : LEER UIT GOD SE WOORD

Omdat die sondige mens lewe volgens sy eie standaarde en eie doelwitte neem die skeeftrekkings van die sonde hand oor hand toe en kan die mens die dinge van elke dag al hoe minder geestelik onderskei. Dis onmoontlik om 'n doeltreffende geestelike onderskeidingsvermoë aan te kweek sonder Gods Woord want dan word die grens tussen kerk en wêreld al hoe dowwer.

### Enkelvoudige waarhede

Enige optrede van die mens wat nie God se wil is nie, is uit die bose. Daar is net EEN GOD en daar is net EEN MANIER om korrek te lewe - en dit is GOD SE MANIER. God gee sy wil in die Bybel (Deut.29:29). Hoe sien jy waardes vir jou eie lewe? Is sekere waardes vir jou absoluut waar en geldend? Of kyk jy eers na die praktyk van die lewe en besluit dán oor die toepassing van beginsels? As gelowiges kan ons nie lewe asof die lewe een groot grys gebied is waarin die skakering van grys net ietwat wissel. Dan is jou standpunt dat daar nie 'n reg of 'n verkeerd hoef te wees nie. Dit is ook dan nie nodig om waar of vals vas te stel nie want daar is net skakeringe van waar en vals, reg en verkeerd. Die pole hiervan rek jy dan so ver uitmekaar dat jy nooit by 'n punt sal kom waar 'n ding verkeerd of vals is nie. Jou skakeringe van grys laat jou altyd toe om met jou standpunte regverdiging vir jou dade te kry.

### Tevergeefse poging

Indien daar nie tussen waarheid en valsheid onderskei kan word nie dan is dit onnodig om geestelik te onderskei. Jy kan alleen geestelik onderskei as daar 'n skerp skeiding is tussen reg en verkeerd, waar en vals, goed en sleg.

### Onderskeiding is nodig

In die Bybel is teëstelling baie belangrik. Want in die Bybel gaan dit om God se gedagtes teenoor die gedagtes van Satan. Daarom is 'n geestelike onderskeidingsvermoë nodig om God se gedagtes en wil te kan onderskei van alle ander gedagtes.

- Omdat Satan met sy leuens, onreg, valsheid en sondeverleiding teenwoordig is, was dit van die begin af vir die mens nodig om te onderskei. (Vervolg op bl.5)

## PREKE VANDAG



*Ds. Andre de Jager*

Oggenddiens Tema: **DIE KOSTE VAN GOD SE LIEFDE**
**Lees**: Lukas 15:11-32
**Teks**: Lukas 15:20
Die Here het ons lief. So kon ons ook verlede week in Jesaja 49 hoor. Maar die liefde wat die Here vir ons het, het ‘n koste... ‘n Koste wat Hy self dra

Dit is somtyds vir ons moeilik om die werklikheid van God se liefde vir ons regtig te besef en te beleef. Maar in Sy genade gee die Here vir ons die versekering dat Hy ons nie sal vergeet nie. En die bewys – Jesus Christus.

Aanddiens Tema: **ALMAL SAAM GEHEILIG IN CHRISTUS**
**Lees**: Johannes 15:1-8
**Teks**: Johannes 15:5
*Heidelbergse Kategismus Sondag 21*
Om ’n gelowige te wees beteken meer as om net deel te wees van ’n gemeente. Om ’n gelowige en ’n gemeentelid te wees beteken om deel te wees in Christus omdat ek deur Hom heilig gemaak is, maar ook deur Hom deel te wees van almal wat deur Hom heilig gemaak is.

## GEE-JAAR

'n Jaar van geestelike groei waarin jy toegerus word om die Koninkryk van Christus te help bou deur middel van kommunikasietegnologie.
Leer van skryf, fotografie, webbladontwerp, DVD-produksie en ander vorme van multimedia. As jy ........

- Die Kerk wil dien met jou gawes op die gebied van multimedia;
- Dieper verhouding met God, jouself, die Kerk, en die wêreld wil hê .

Vir meer inligting kontak Suzanne Coetzer:
geejaar@kruispad.net



## BORG – ‘N – BYBEL



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.
MIKPUNTE:
1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand.**
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.

Met vertroue dat God hierdie aksie ryklik sal seën! SOLI DEO GLORIA.
ABRIE LOTTER

## HarTklop is tydens Aardklop: 1-6 Oktober 2012

***HarTklop*** is om die draai en ons het voorraad nodig om dit te laat realiseer.
Die voorraad wat ons nodig het, is: ***Koffie, tee, suiker, MENSE***!

Tydens Aardklop 2012 gaan ons aan jongmense die geleentheid gee om die liefde van Jesus Christus te doen.
Daar is geen fondsinsameling nie, geen uitdeel van traktaatjies nie, geen uitgerekte opleiding nie.
Hier gaan gegee word: liefde, iets te drinke, iets te ete, jouself!
Registreer op die Kruispad webblad:
http://projekte.kruispad.net/hartklop.html

Enige skenkings is welkom!



## KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensieoptree. Van die sprekers wat sal optree is: ***Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar***, ***Marius Storm*** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie ***huisvesting*** verantwoordelik wees. ***Inskrywingsvorms*** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om ***predikante, kategete*** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle ***Ouers*** sal ook baie baat vind by die konferensie

Met dank Prof. dr. Gert Breed (TSP)

### Bolandrivierkamp

Die ***Bolandrivierkamp*** is 'n geleentheid vir Graad 8-12 leerlinge om weg te breek vir 'n paar dae en net te wees. Hierdie jaar doen ons die hele "amazing reis" ding. 'n Mond vol aktiwiteite op ''n plek vol aksie gereël deur energie belaaide studente van Stellenbosch.

Wanneer: 8-12 Desember 2012
Waar: Bridgetown Jeugkampterrein naby Moorreesburg
Koste: R430 (alles ingesluit behalwe vervoer)
Kontakbesonderhede:
Helena Potgieter
Selnr : 0719232013
bolandrivierkamp@gkstellenbosch.co.za



## KRUISPAD ISRAEL JEUGTOER

Daar is nog 4 plekke beskikbaar vir die jeugtoer.
Die datum het een dag aangeskuif na 18-27 November 2012.
Kostes: R 16 000
Kontak anneke@kruispad.net of 082 352 5049
Sien asb die aangehegte dokumente.
Vriendelike groete,

Namens die Jeugdeputate van die GKSA.



## LIEF EN LEED



- ***Oom Ben en tannie Julie van Zyl*** vertrek eersdaags vir 'n familiekuier na Nederland. Ons wens hulle 'n veilige en voorspoedige reis toe, en 'n geseënde tyd saam met hul kinders. **(Wyk 08 ➢ ☎ – 018-468-2847)**
- ***Hannes en Gerty Pelser*** en hulle twee dogters, ***Mercia*** en ***Gercia***, was Saterdag nag in 'n ongeluk betrokke. Ons is saam met hulle baie dankbaar dat hulle nie seer gekry het nie. **(Wyk 20 ➢ ☎ – 018-468-7542)**
- ***Riana White*** sukkel die afgelope paar weke met griep. Sy is ook onlangs weer aan haar nek geopereer. Die operasie was 'n sukses. **(Wyk 25 ➢ ☎ – 082-924-9131)**
- ***Wilna van der Merwe*** was by die oogspesialis vir 'n ondersoek. Sy sal binnekort geopereer word om katarakte van haar oë te verwyder. Ons wens haar sterkte toe! **(Wyk 15 ➢ ☎ – 018-468-2615)**
- ***Janneman Botha*** het die uitslae van sy oog terug gekry en ons is dankbaar dat die resultate positief vir hom is. Hy skryf: "Geagte Gemeente - Baie dankie vir al julle voorbidding vir my siekte - ek waardeer dit baie. Ek het die toetse se uitslag gekry. Ek het nie tering in my regteroog nie. Baie dankie, ds. Andrè, vir jou gebed vir my. Sonder ons Hemelse Vader sou ek niks kan doen nie. Groete, Janneman Botha." **(Wyk 12 ➢ ☎ – 082-302-0196)**
- ***Surina Grobler*** se operasie het goed afgeloop. Ons wens haar 'n spoedige herstel toe. **(Wyk 03 ➢ ☎ – 082-302-0196)**
- ***Santie van der Westhuizen*** is op Maandag 23 Julie in die Sunningdale Hospitaal opgeneem weens erge infeksie in haar knie. Sy het 'n tyd gelede 'n knievervangingsoperasie ondergaan. Ons wens haar spoedige beterskap toe, en hoop dat sy letterlik gou weer op die been sal wees. **(Wyk 24 ➢ ☎ – 018-468-3553)**

✠ ***'n Mens se verknogtheid aan aardse dinge word die oorsaak van jou kommer oor die toekoms. Dit is dan nie die nood wat jou leer bid nie, maar die onversadigbare begeerte na aardse skatte wat jou laat wakker lê.***



**KOLLEKTES**


| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 29 Julie | Barmhartigheid | Ekumenisiteit Buitelands |
| 05 Augustus | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |
| 12 Augustus | Barmhartigheid | Susentasie Khuma |
| 19 Augustus | Barmhartigheid | Sustentasiefonds |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 29 Julie tot Saterdag 4 Augustus 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 29 Julie | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 29 Julie | Katkisasie Les 17 | 10:30-11:15 |
| Sondag 29 Julie | Aanddiens | 18:00-19:00 |
| Maandag 30 Julie | Breë Kerkraadsvergadering | 18:00 |
| Woensdag 1 Aug. | Sustersbyeenkoms | 18:30 |



**TEESKINKBEURTE**


| | |
|---|---|
| Sondag 29 Julie 2012 | Wyke 20 & 21 |
| Sondag 05 Augustus 2012 | Wyke 22 & 23 |
| Sondag 12 Augustus 2012 | Geen teeskink – Langnaweek |
| Sondag 19 Augustus 2012 | Wyke 26 & 27 |



## VERJAARDAE

29 Julie 2012 tot 4 Augustus 2012

| | | | |
|---|---|---|---|
| 02 Aug. | **Johan Mocke** | *Wyk 23* | **018-468-3671** |
| 02 Aug. | **Oom Pottie Potgieter** | *Wyk 23* | **018-468-1628** |
| 02 Aug. | **Hendrik Scheepers** | *Wyk 24* | **082-460-3391** |
| 03 Aug. | **Christine Lindeque** | *Wyk 19* | **072-355-6063** |
| 03 Aug. | **Rina Oosthuizen** | *Wyk 10* | **079-099-9366** |
| 04 Aug. | **Julie van Zyl** | *Wyk 08* | **018-468-2847** |



Al die lidmate wat die komende week verjaar word hartlik gelukgewens. Mag die dag vir julle volg vreugde en blydskap wees en die nuwe lewensjaar ryklik geseën

- ***Bekommernis gee 'n klein dingetjie sommer 'n groot skaduwee.***
- ***Durf die lewe se probleme aan deur op God se beloftes te vertrou.***
- ***Die sug na besittings maak van die mens 'n besetene.***



## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

### BEROEP AANVAAR

- Ds. GJ Erasmus van Vryburg na Komatipoort.

### LOCKED UP

Tydens hierdie langnaweek gaan jy 'n kykie kry in die harde werklikheid van hoe dit is om jou geloof te lewe in 'n land waar dit onwettig is.
Jy kry die unieke geleentheid om saam met ander jongmense deur kenners van Geopende Deure of Opendoors, begelei te word, om nie net te hoor nie, maar te ervaar wat vervolgde Christene deurmaak. Wie mag kom? Enigeen, 15 tot 20 jaar oud.
Waar? In Pinetown. Ons kamp op Hoërskool Gelofte se rugbyveld (nee, nie boring nie, kom kyk).
Hoeveel kos dit? Ons wil dit so goedkoop moontlik doen, so eintlik betaal jy net vir jou kos: R200 p/p
Wanneer? 9 tot 12 Augustus. Registrasie begin 16:00 die Donderdag en ons is klaar teen 10:00 Sondagoggend.
Indien daar meer vrae is, kan dit gerig word aan henning.v.venter@gmail.com of telefonies by 031 702 8446.

(Vervolg van bl.1)

- Adam en Eva moes onderskei en kies tussen die twee bome wat in die tuin gestaan het [Gen. 2:9].
- Weldra sou die mens moes onderskei en kies tussen die twee lewenspaaie waarvan Psalm 1 vertel.
- Daar moet onderskei word tussen lewe en dood, ewigheid en hel, lig en duisternis, die koninkryk van God en die koninkryk van die Satan.

Die plig lê voortdurend op die gelowige om te onderskei tussen die geeste. Die volle lewe van die mens is godsdiens [Pred. 12:13; 1 Kor. 10:31; Kol. 3:17; 1 Pet. 4:11]. Daarom is dit 'n voltydse verantwoordelikheid om te bly onderskei.

*Dr Nico van der Merwe*